basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

NOVEMBER 2010

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.

2. Beantwoord slegs DRIE van die vier vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MIV/Vigs is 'n groot sosiale uitdaging waarvoor die jeug te staan kom.

Veronderstel dat jy 'n jeugleier vir 'n spesifieke godsdiens by jou skool is. Berei 'n toespraak voor wat leerders sal aanmoedig om 'n gesonde, Vigsvrye lewenstyl te handhaaf, soos deur jou godsdienstige oortuiginge geïnspireer. In jou toespraak moet jy die volgende insluit:

1.1 'n Kort, relevante inleiding (6)

1.2 Die oorsake van MIV en Vigs (6)

1.3 Faktore wat tot die verspreiding van MIV bydra (10)

1.4 Verwysing na die leringe van ten minste TWEE godsdienste om oplossings vir die Vigs-pandemie te illustreer (10)

1.5 'n Aksieplan om mense wat deur MIV en Vigs geaffekteer en geïnfekteer is, te help (18)
[50]

VRAAG 2

Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die eerste Wêreldgodsdiensparlement is in 1893 in Chicago gehou. 'n Tweede, baie groter parlement is in 1993 gehou, ook in Chicago. Die laaste sodanige parlement van die wêreld se godsdienste is in 2004 in Barcelona, Spanje, gehou. Elke parlement was groter as die vorige een. Dit dui op die groeiende belangrikheid van inter-godsdienstige dialoog.

2.1 Identifiseer en bespreek TWEE temas wat jy as belangrike onderwerpe vir 'n wêreldgodsdiensparlement beskou. Gee redes vir jou keuses. (20)

2.2 Bespreek TWEE moontlike uitkomste (of gevolge) wat jy van só 'n konferensie sou verwag. (12)

2.3 Beskryf die godsdienstige samestelling binne jou eie gemeenskap en verduidelik die behoefte aan intergodsdienstige dialoog. (8)

2.4 Sedert 1994 het Suid-Afrika geen ernstige gevalle van godsdienstige konflik gehad nie. Watter stappe het die Suid-Afrikaanse regering gedoen om vreedsame naasbestaan tussen die verskeie godsdienste in die land te verseker? (10)
[50]

VRAAG 3

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Daar is dikwels 'n gespanne verhouding tussen wetenskap en godsdiens, veral oor die oerknal-teorie ('big bang theory') en die evolusieleer. Die oerknal-teorie veronderstel dat die heelal miljoene jare gelede ontstaan het as gevolg van 'n mengsel gasse wat 'n groot ontploffing veroorsaak het. Die evolusieleer voer aan dat alle lewensvorme, insluitende mense, aan mekaar verwant is en na 'n gemeenskaplike oorsprong teruggevoer kan word. Die verskillende lewensvorme het nie perfek gevorm ontstaan nie, maar het oor tyd by hulle veranderende omgewings aangepas. Die moderne mens het ook oor miljoene jare aangepas, of ontwikkel, tot die huidige staat. Hierdie twee teorieë kontrasteer direk met die verduideliking van die skepping en lewensvorme in sommige godsdienstige leringe.

Kies EEN godsdiens en vergelyk sy standpunte met die wetenskaplike teorieë hierbo. Gebruik die volgende opskrifte:

3.1 Hoe alle lewende en nielewende dinge aan mekaar verwant is (10)

3.2 Die skepping en hoe mense in die wêreld verskyn het (20)

3.3 Die stand van die mens in die wêreld (10)

3.4 Hoe en wanneer die wêreld sal eindig (indien ooit) (10)
[50]

VRAAG 4

4.1 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

In 'n godsdienstige konteks is normatiewe bronne daardie bronne wat die standaard van gedrag vir gelowiges neerlê. Daar kan ook na sulke bronne as primêre bronne verwys word.

Kies EEN godsdiens en bespreek sy normatiewe bron(ne) onder die volgende hofies:

4.1.1 Inspirasie (10)

4.1.2 Hermeneutiese beginsels wat van toepassing is op die interpretasie van normatiewe bronne (10)

4.2 Kies EEN godsdiens en bespreek sy sentrale leringe onder die volgende hofies:

4.2.1 Die aard van godheid (10)

4.2.2 Die verhouding tussen die individu en die gemeenskap (10)

4.2.3 Lewe na die dood (10)
[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou